SAPEX
Your fruit is our business

WEEK 31

31 Julie 2026

# TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE

Ons is uiteindelik op datum met die finale betalings. Weglaaiweek 19 word vandag op skedule betaal. Vir week 20 is daar nog een verkoopstaat uitstaande. As ons dit betyds kan inkry sal ons hopelik die volgende drie weke se betalings saam kan afhandel. Dan is die seisoen op ‘n einde.

Die pryse het deur die loop van die seisoen baie gewissel. Die samestelling van die markte wat in ‘n spesifieke week bedien is, was nooit dieselfde nie. Ons probeer altyd elke week eweredige verspreiding doen juis om risiko te versprei, maar die probleme in die hawens het paar keer veroorsaak dat die verspreiding erg skeef was. Die gemiddelde pryse van daardie week word dan beinvloed. Die week wat ons nou betaal, weglaaiweek 19, is waarskynlik die week met die swakste pryse, veral vir Klas 1. Gelukkig was dit nie ‘n baie groot weglaaiweek nie. Die wisselkoers het ook die laaste paar weke sy tol begin eis.

Dit was voorwaar ‘n deurmekaar seisoen. Die verskeping was baie deurmekaar weens tegniese probleme in die hawens. Die wind het in die Kaap ook ‘n groot rol gespeel gedurende Desember en Januarie. Die effek van die probleme met skeepskedules is egter nog tot in April ervaar. Die uitbreek van die oorlog in die Midde-Ooste het dinge uiteraard ook baie moeilik gemaak. Die eerste twee weke was ‘n redelike deurmekaarspul. Daarna is alternatiewe gekry om die markte te bedien, maar dit het uiteraard addisionele kostes tot gevolg gehad.

In die proses was daar baie vertragings. Ons is gelukkig dat geen houers verlore geraak het nie. Een spesifieke houer het wel 97 dae geneem vanaf laai tot die kliënt dit ontvang het. Dit was darem gelukkig die uitsondering. Die geval is aangemeld by ons versekering. Hopelik kom daar ‘n positiewe uitslag. As mens luister na ander uitvoerders wat nou nog houers soek, besef jy net dat ons baie gelukkig was, of dat Sapex se goeie stelsels ons deurgetrek het.

Op die stadium beplan ons om die Sapex granaatdag te hou op **Dinsdag 22 September 2026**. Dagboek dit asb voorlopig. Die program sal so gou moontlik uitgestuur word. Ons wil ook die eerste twee weke van September die seisoensafsluiting persoonlik met elke boer probeer doen. Dit is vir ons ‘n noodsaaklike deel van die seisoen om die oes, verpakking en pryse op ‘n persoonlike vlak in perspektief te stel.

Alles dui op ‘n vroeë en droë seisoen. Maak asb seker alles is in plek om dit te kan hanteer.

Groete.

Sapex Span.